

Lekkerbekkie Nuusbrief

27 MEI 2014 | UITGAWE 59



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Die grootste borrel
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinder stories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die grootste borrel deur Anna Emm

Erik se mamma het 'n pakkie kougom van die dorp af saamgebring. "Moenie al die stukkies gelyk in jou mond sit nie, hoor?" sê sy toe sy die pakkie vir Erik gee. Erik is baie lief vir kougom.

Erik haal een stukkie kougom uit die pakkie, sit dit in sy mond, en begin kou. Toe die kougom lekker sag in sy mond is, blaas Erik 'n groot borrel. Die borrel swel en swel tot dit so groot soos 'n ballon is. Maar nou wil Erik sien of hy nóg 'n groter borrel kan blaas. Hy haal nog 'n stukkie kougom uit die pakkie, en sit dit in sy mond. Hy kou 'n rukkjie, en dan blaas hy weer. Hierdie keer is die borrel sommer baie groter! Hy blaas en blaas tot die borrel so groot soos 'n bal is. Dis baie groot!

Maar Erik wil sien of hy nóg 'n groter borrel kan blaas. Hy het skoon vergeet wat sy mamma gesê het, en hy sit sommer al die stukkies kougom wat in die pakkie was ook in sy mond! Hy kou en hy kou, en dan blaas hy weer. Hy blaas en hy blaas en hy blaas, en die borrel swel en swel en swel. Dit hou nie op nie! Die borrel word groter en groter! Dit is die grootste kougomborrel ooit!

Die borrel is nou so groot soos 'n lugballon, en stadig, versigtig, lig dit Erik se voete van die grond af op! Hy blaas nog, en die kougomborrel lig hom bo-oor die bome se toppe. En daar skep die wind hom. Die windjie blaas die kougomborrel hoër en hoër die lug in – met Erik wat daaraan bly hang!

Erik se mamma is besig om wasgoed op te hang toe sy die groot borrel deur die lug sien sweef.

"Kom gou!" roep sy vir Erik se pappa. "Erik het weer 'n reuse groot kougomborrel geblaas en nou dryf hy in die lug rond!"

Erik se pappa kom haastig nader. Erik se boetie kom ook nader. Almal kyk nou op in die lug. Hulle sien vir Erik aan die borrel hang, maar hulle weet nie hoe om hom af te kry nie! Wat gaan hulle maak?

Erik se boetie is besig om 'n tros duiwe te eet, en hy gooi een van die duiwekorrels na die borrel. Miskien kan hy die borrel stukkend gooi? Maar rai 'n bietjie? Die duiwekorrel sit mooi vas teen die taai kougomborrel – en dit bars nie! Erik styg nogsteeds hoër en hoër in die lug in op.

'n Groot voël vlieg verby. Hy sien die kougomborrel, en net toe hy verskrik wil wegvlieg, sien hy die duiwekorrel wat daar vassit! Hy vlieg nader en PIK na die duiwekorrel met sy skerp snawel... En daar pik die voël die reuse kougomborrel stukkend! Dit bars met 'n harde knal en Erik val grond toe. Hy val en hy val, en hy land BOEMS! bo-op die skoon wasgoed in die mandjie.

"Dis laaste keer wat ek vir jou kougom koop!" sug Erik se mamma moedeloos. En dit wás ook!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die grootste borrel

illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za